Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 8 FEBRUARIE 2017 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Ander raadslede:
Rdl M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Snr Bestuurder: Tegniese Dienste (Siviel), mnr L D Zikmann
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdl M van Zyl open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig. Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 18 JANUARIE 2017

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 18 Januarie 2017 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 1 FEBRUARIE 2017

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 1 FEBRUARIE 2017

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE VAN 9 NOVEMBER 2016

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 WYSIGINGS AAN DIE 2016/2017 DIENSLEWERINGS- EN BEGROTING-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/1/4/4/1)

Die doel van die Dienslewerings- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) is om die munisipale bestuur te ondersteun om diensleweringsteikens, sowel as die spandering van die kapitaalbegroting binne gegewe tydsraamwerke te bereik.

Die aansuiwering van die kapitaalbegroting deur die Raad op 26 Januarie 2017 het tot gevolg dat die SDBIP vir die 2016/2017 finansiële jaar – soos goedgekeur in Junie 2016 – dienooreenkomstig gewysig moet word.

BESLUIT

Dat die gewysigde Dienslewerings- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2016/2017 finansiële jaar in terme van artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

7.2 BEHUISING ALLOKASIE BELEID (17/4/2/B)

Die Raad het op 12 Junie 2013 riglyne aanvaar – weens 'n gebrek aan 'n behuising allokasie beleid – vir die toekenning van wonings aan begunstigdes vir die huidige behuisingsprojekte volgens die toekenning van 'n persentasie aan spesifieke kategorieë van deelnemers.

Die Provinsiale Minister van Behuising, Mr Bonginkose Madikizela, het munisipaliteite versoek om 'n regverdige proses daar te stel, wat onder andere voorkeur gee aan gestermdes, pensionarisse, getroude pare, asook persone wat op naburige plase woonagtig is.

In 'n/...

7.2/...

In 'n onlangse omsendbrief deur die Departement van Menslike Nedersettings is bevestig dat die kwalifiserende ouderdom om vir laekoste behuising in aanmerking te mag kom vanaf 40 jaar na 35 jaar en ouer aangepas is.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad)

(a) Die Behuising Allokasie Beleid, soos voorgelê, aanvaar word en van toepassing gemaak word met effek vanaf die datum waarop die aanvaarding van die beleid deur die Raad bekragtig is;

(b) Die kategorieë van deelnemers wat deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur was op 12 Junie 2013 vervang word met kwotas volgens die nuwe Behuising Allokasie Beleid;

(c) Kennis geneem word van die Departement van Menslike Nedersettings se versoek om tydens allokasie van geleenthede voorkeur te gee aan begunstigdes 35 jaar en ouer;

(d) Die Raad kennis neem dat daar in die toekoms na voltooiing van die Riebeek-Wes-behuisingsprojek, slegs projekte gedoen gaan word in die groeipotensiaal-dorpe, met inbegrip van hul opvang gebiede, soos aangedui op die aangehegte plan;

(e) Kennis geneem word dat die bestaande waglyste van Ilinge Lethu en Malmesbury geïntegreer sal word in een waglys en die geleenthede in die toekomstige Malmesbury-behuisingsprojek toegeken sal word in terme van datum van aansoek;

(f) Tydens elke Behuisingsprojek die lys van geïdentifiseerde begunstigdes van daardie projek aan die Raad se Behuisingskomitee voorgelê word vir goedkeuring;

(g) Die Behuisingskomitee wat verkies word uit die begunstigdes van elke voorgenome projek aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word vir goedkeuring;

(h) Na voltooiing van die Riebeek-Wes-behuisingsprojek, die volgorde van die behuisingsprojekte in die groeipotensiaal-dorpe as volg sal wees naamlik, Malmesbury, Moorreesburg, Darling en Riebeek-Vallei.

7.3 AANBEVELING AAN DIE RAAD OP DIE KEUSE VAN 'N MSCOA BEMAGTIGINGSTELSEL (6/2/3/1/4)

Daar is van alle munisipaliteite verwag om ingevolge die mSCOA Omsendbriewe No. 5 en 6 'n evaluering te doen van Inligting- en Kommunikasietegnologiestelsels wat deur die munisipaliteit gebruik word.

Tydens 'n *CFO*-forumvergadering gehou op 8 September 2016 het munisipaliteite aangedui dat hulle nie oor die nodige vaardighede beskik om voormelde evaluering te doen nie. Die munisipaliteite van Knysna, Mosselbaai, Langeberg en Swartland het in samewerking met die provinsiale mSCOA-projekbestuurder en R-data die nodige evaluering van die *Promun*-finansiëlestelsel gedurende 'n 2-dag werksessie gedoen – waarvan die resultate tesame met die sakelys gesirkuleer is.

BESLUIT

Dat daar in die lig van die verslag soos voorgelê deur die Direkteur: Finansiële Dienste, sowel as gemeet teenoor die finansiële implikasies van 'n nuwe stelsel, volstaan word om *Promun* as finansiëlestelsel te gebruik.

7.4/...

7.4 VLOOTBESTUURSBELEID (6/2/1/B)

'n Wye reeks van gereedskap, toerusting, voertuie, ensovoorts word deur Swartland Munisipaliteit gehou om hoë gehalte dienslewering aan kliënte te verseker.

Die Vlootbestuursbeleid het ten doel om riglyne daar te stel vir die behoorlike bestuur van bates op 'n daaglikse basis deur werknemers.

BESLUIT

Dat die aangehegte Vlootbestuursbeleid deur die Raad aanvaar word en met onmiddellike effek geïmplementeer word ten einde voldoening aan die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) te verseker.

7.5 VERKOOP VAN UITGEDIENDE BATES PER OPENBARE VEILING (6/1/3)

Die Batebestuursbeleid reguleer die beskikking van bates deur te verseker dat dit regverdig, billik, deursigtig, mededingend en koste-effektief geskied en dat daar voldoen word aan die Voorsieningskanaalbestuursbeleid van die Munisipaliteit.

Die kriteria vir wegdoening van bates behels die volgende:
- Die bruikbare leeftyd van die bate het verstryk;
- Die bate is verouderd;
- Dit is onekonomies om die bate te herstel of dit is onherstelbaar.

Die Munisipale Bestuurder rapporteer dat met die aanstel van 'n nuwe diensverskaffer vir die bedryf van spoedkameras en aanverwante dienste, die spoedkameras van die voormalige diensverskaffer, TMT, aan die Raad oorgedra is. Die nuwe diensverskaffer, Syntell, is bereid om die kameras oor te neem.

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem dat die kameras nie 'n mededingende prys tydens die veiling sal behaal nie, en dat 'n billike prys deur 'n onafhanlike firma bepaal sal word vir die moontlike oorkoop daarvan deur Syntell.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat daar ook in hierdie opsig voldoen sal word aan die riglyne van die Batebestuursbeleid, sowel as die Voorsieningskanaal-bestuursbeleid van die Munisipaliteit.

BESLUIT

Dat goedkeuring verleen word dat die aangehegte lys van uitgediende bates tydens die openbare veiling verkoop word, en dienooreenkomstig vanaf die bateregister verwyder word.

7.6 AFSKRYF VAN VERLORE BATES TEN DOEL OM DIT VAN DIE BATEREGISTER TE VERWYDER (6/1/3)

Die jaarlikse bate-opname het plaasgevind vanaf Augustus tot Desember 2016. Daar is in totaal 8 284 bates getel, waarvan slegs nege items nie gevind kon word nie. Die redes vir die nege verlore bates is met die sakelys gesirkuleer.

Met voormelde in ag genome kan bevestig word dat effektiewe kontroles tans toegepas word om die bates van die Raad te beskerm.

BESLUIT

Dat goedkeuring verleen word om die bates volgens die aangehegte lys ten bedrae van R3 794.39 af te skryf en dienooreenkomstig vanaf die bateregister te verwyder.

7.7 UITSTAANDE DEBITEURE – JANUARIE 2017 (5/7/1/1/MY)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

7.7/...

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Januarie 2017.

7.8 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

Die voorsitter meld dat die publiek daarvan behoort kennis te dra dat dienslewering in sommige gevalle belemmer word deur vandalisme wat op 'n gereelde basis plaasvind, en dat die publiek 'n verantwoordelikheid het om vandale by die Munisipaliteit aan te meld.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Januarie 2017 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.9 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY ROLBALKLUB (17/9/2/R)

Die Raad verhuur die Malmesbury rolbalfasiliteite aan die Malmesbury Rolbalklub op 'n jaar tot jaar basis. Die huurooreenkoms het op 30 September 2016 verstryk.

BESLUIT

(a) Dat 'n huurooreenkoms met die Malmesbury Rolbalklub aangegaan word vir die huur van die rolbalfasiliteite vir 'n tydperk van 12 maande;

(b) Dat die huurgeld R10,00 plus BTW per jaar sal beloop;

(c) Dat die huurvoorwaardes wat tans geld, van krag sal bly.

7.10 HERSEELPROGRAM VAN STRATE: 2016/2017 FINANSIËLE JAAR (16/5/5/1)

Die tender vir die herseel van strate in die Swartland munisipale gebied is op 15 Oktober 2016 toegeken. Daar is 'n bedrag van R10 000 000,00 vir die 2016/2017 finansiële jaar beskikbaar vir hierdie doeleindes.

Die beskikbare fondse word proporsioneel verdeel tussen die onderskeie dorpe in die munisipale gebied ingevolge die totale lengte van teerstrate in elke dorp. 'n Wetenskaplike model, asook ter plaatse inspeksies, word dan gebruik om die strate vir opgradering te identifiseer, soos aangedui op die aangehegte lys.

BESLUIT

(a) Dat die aangehegte herseelprogram goedgekeur word;

(b) Dat kennis geneem word dat die aangehegte herseelprogram aangepas kan word na aanleiding van die uitgawes verbonde aan die voorbereiding van strate vir die herseel daarvan.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER